Sessie 3
Waar is Wally?

WEB978-1-4316-1018-1_Sessie 3.indd 1 2014/11/04 02:46:49 PM

3

Waar is Wally?

Vooraf

Lees vooraf hoofstuk 15-21 van *Leef stroom-op!*

> Begin dus om die Filippense 4:8-bril op jouself en ander toe te pas. Dit sal wonders vir al jou verhoudings doen.
>
> Wanneer jy iemand ontmoet, vra jou af wat is waar, edel, reg en rein, mooi en prysenswaardig in hierdie persoon? Dan kan van my en jou miskien waar word wat Dale Carnegie altyd gesê het: "Ek het nog nie iemand ontmoet wat nie spesiaal is nie."
>
> Onthou gerus ook hierdie aanhaling: "I went out to find a friend but could not find one there. I went out to be a friend and friends were everywhere! Who do you know who needs you to be a true friend to them today?"
>
> (uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 11)

Opening

Doen 'n gebed saam en gee daarna vir groepslede die geleentheid om een ding te deel wat vir hulle uitgestaan het toe hulle hoofstuk 15-21 van *Leef stroom-op!* gelees het.

Video-"clips"

Kyk saam na die gratis aflaaibare video-"clip" **Waar is Wally?**

Neem notas oor enigiets wat vir jou uitstaan in die "clip". (As julle tyd het, kan julle dit twee keer kyk.)

Bespreking

1. Deel met mekaar wat vir jou in die "clip" uitgestaan het.

2. Wally se insmelt in die prente van Martin Handford bied aan ons 'n metafoor om oor Jesus se teenwoordigheid te praat. Wat het dit moeilik gemaak om Wally in die prente raak te sien? Wat maak dit moeilik om Jesus in die lewe raak te sien? Wees prakties. Hoe kan ons mekaar help om bewustelik vir Jesus se 24/7 (24 uur/7 dae) teenwoordigheid te soek?

3. Lees Filippense 4:5

Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby.

~ Filippense 4:5, *1983-vertaling*

Let you gentleness be evident to all. The Lord is near.

~ Filippense 4:5, *New International Version*

Hoe help hierdie vers ons om bewustelik so met die wete te leef dat Jesus altyd teenwoordig is?

4. Hoe help hierdie volgende woorde uit die **Waar is Wally?**-"clip" om 'n "daar is Jesus!"-lewe te leef:

   Om seker te maak jy mis nie vir Jesus nie, moet jy altyd vir die goeie in ander mense soek, want elkeen is gemaak na die beeld van God. As jy die goeie in ander gevind het, moet jy dan ook die goeie doen. As jy sukkel om die goeie in ander raak te sien, onthou om niemand kwaad aan te doen nie, want elkeen is gemaak na die beeld van God!

   Hierdie 4:8-bril maak jou sensitief vir Jesus se teenwoordigheid in die wêreld en in ander mense, en laat jou altyd bid: "Ek bid vir die genade om te sit by elke persoon wat ek ontmoet en Christus in hulle gesig te sien."

5. In die **Waar is Wally?**-"clip" hoor ons hierdie aangrypende woorde van die non aan Ronald Patterson nadat hy geweier het om 'n berugte dwelmhandelaar te besoek: "Patterson, wanneer het God gesterf en jou as God aangestel? Iewers diep binnekant daardie man, bedek deur lae van pyn en ont-

kenning en elke slegte ding wat hy al ooit gedoen het, is daar 'n saadjie van die beeld van God. Jou enigste taak is om daardie vonk te sien en die enigste manier wat jy dit ooit sal sien, is om alles te vergeet wat jy geleer het oor reg en verkeerd, en met jou hele hart te glo dat die vonk daar is. Hy, nes enigiemand anders wat jy ooit sal ontmoet, is 'n kind van God se liefde."

Bespreek haar **stroom-op** antwoord. Wat spreek tot jou in haar woorde? Hoe laat dit jou anders dink oor mense? Wat beteken dit prakties vir Jesusvolgelinge?

Groepsontdekking

1. Ons sien God dikwels nie raak nie omdat ons dalk verkeerd na mense kyk. Bespreek die volgende gedeelte uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 8. Gesels veral oor hoe dit jou help om bewustelik na Jesus se teenwoordigheid te soek.

   Ons moet die volgende besef en altyd in ons ronddra. Die feit dat ons na God se beeld geskape is, kry voorrang bo die feit dat ons sondaars is wat verlos moet word. Jesus sien die beeld van God in 'n mens raak voordat Hy die sondaar sien; daarom gesels Hy met sondaars en eet Hy saam met hulle (Lukas 15:1-2).

   Miskien is dit Jesus se geheim vir sy verhoudings met mense. Hy behandel hulle as beeld van God, en daarom is dit geen wonder nie dat *The Message* Lukas 15:1 briljant as volg vertaal: "By this time a lot of men and women of doubtful reputation were hanging around Jesus, listening intently."

Dié wat verlos word, is belangriker as die verlossing. Ons is eers as skepsels na God se beeld gemaak en toe het ons sondaars geword.

2. Wat maak dit moeilik om God se beeld in mense raak te sien? Hoe help die verduideliking van Filippense 4:5 in hoofstuk 15 en 16 julle om nou **stroom-op** te lewe? (Gee 'n tydjie dat elke groepslid dit gou weer deurlees en bespreek dit daarna.)

3. Ons sukkel dikwels om met *genadige sagtheid* teenoor alle mense ten alle tye uit te leef. Kyk na die volgende Dove-advertensie (Dove – The Carbon Paper Ad) en bespreek dit. Dit kan gevind word op YouTube http://youtube/_0HQqV7jDKc of deur die woorde "Dove – The Carbon Paper Ad" in te tik.

   Het jy al self of weet jy van mense wat deur ander se woorde gewond is? Watter effek het jou positiewe en negatiewe woorde op ander mense? Hoe kan jy meer positiewe, opbouende woorde spreek?

WEB978-1-4316-1018-1_Sessie 3.indd 6 2014/11/04 02:46:49 PM

4. Bespreek die volgende voorstelling uit hoofstuk 11 van *Leef stroom-op!*

Jy's OK	Ek's spesiaal	Ek's OK
Ek's nie OK nie	Jy's spesiaal	Jy's nie OK nie
Onderdanig	Soos Christus	Oorheersend
Minderwaardig	Nederig	Hoogmoedig

Aan die linkerkant is die mense wat te min van hulleself dink en aan die regterkant mense wat te veel van hulleself dink. In die middel is **stroom-op** mense wat hulleself sien soos God hulle sien – as *spesiaal*. Onthou, *nederigheid* beteken nie dat jy minder *van* jouself dink nie, maar net minder *oor* jouself dink!

Dis waar jou 4:8-bril weer inkom. Wanneer jy met die 4:8-bril begin dink en leef, kyk jy na ander mense én jouself met groter respek. Hoekom? Omdat jy dadelik begin fokus op mense se positiewe eienskappe (die beeld van God in hulle) eerder as om hulle te oordeel of te konsentreer op hulle negatiewe punte (sonde waarmee ons in elk geval almal sukkel).

Wat het jy wyser geword uit die voorstelling? Hoe kan jou 4:8-bril jou help om met groter respek na ander mense én jouself te kyk? Wees prakties.

5. Luister na die volgende **stroom-op** storie en bespreek dit as 'n antwoord op die vraag: "Waar is God?"

   Leighton Ford, 'n Amerikaanse predikant, het tong in die

kies gesê: "One of the Russian cosmonauts came back and said: 'Some people say God lives out there. I looked around, and I didn't see any God out there.' Billy Graham's wife, Ruth, says he looked in the wrong place. If he'd stepped outside the space ship without his space suit, he would have seen God very quickly."

6. God is nie altyd voorspelbaar nie, want Hy is vol genadige verrassings! Soos iemand tereg vir God gesê het: "You've got a way of getting my attention. In the rhythm of life, everywhere I go, You slip through the cracks of everyday. Somehow You let me know. If I'll only stop to listen. You're in everything."

   Bespreek wat het jou in dié aanhaling geraak en waarom.

7. Hoe kan jou 4:8-bril jou help om bewustelik só te lewe dat jy altyd sensitief sal wees vir waar Jesus teenwoordig is … langs jou, in die volgende persoon wat jou pad kruis en in die volgende oomblik?

Afsluiting

Laat almal afsluit met hierdie gebed en herinner mekaar om voor volgende week se byeenkoms hoofstuk 22-28 van *Leef stroom-op!* te lees.

"Ek bid vir die genade om te sit
by elke persoon wat ek ontmoet
en Christus in hulle gesig te sien."
~ Kent Ira Groff ~